

15 Februarie

Skrifgedeelte: Josua 22:9-34
Fokusgedeelte: Josua 22:22-24

By verskil van mening laat die Heilige Gees jou hartsgesindheid blyk

Om in die kerk van die HERE van die leuenpad van afval en ontrou beskuldig te word, is voorwaar 'n ernstige saak. Soveel so dat die geskiedenis vol is van stryd en bloedvergieting. En hier in die kerk van die Ou Testament ontstaan daar verskil van mening oor die optrede van die stamme Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse as hulle vir hulle in die Oos-Jordaanland 'n altaar bou. Die berig versprei, die waarskuwings weerklink en die Wes-Jordaniërs mobiliseer in 'n kommando. Eers word Pinehas, die priester, saam met die tien stamhoofde van die Wes-Jordaniërs na die Oos-Jordaan in Gilead gestuur. Hulle bring 'n klag oor die altaar by die klipkrale van die Jordaan. Hulle noem dit troubreuk en opstand teen die God van Israel. Die Wes-Jordaniërs herinner aan die plaag van die HERE wat die volk getref het oor hulle afgodery en hoerery met die Moabiete in diens van die afgod Baäl-Peor.

Dit bring by die Oos-Jordaniërs 'n diepe verontwaardiging oor die beskuldiging van afvalligheid. Hulle verontwaardiging weerklink as hulle drie keer verskillende woorde gebruik om die HERE as hulle Getuie in te roep. As hulle hartsgesindheid verkeerd was by die oprigting van die altaar, dan kan die HERE hulle dood. Onder eed verklaar hulle dat hulle daardie altaar opgerig het om hulle kinders te laat beseft dat hulle nes die Wes-Jordaniërs deel het aan die verbond met die HERE. Die God van Israel. Die boustyl van die altaar getuig dat dit nie vir brand- en slagoffers bedoel is nie, want dit moet by die tabernakel aan die westekant plaasvind. Dit sou hulle steeds nog onderhou.

Sien jy die werk van die Heilige Gees? Hy wat die ware hartsgesindheid peil? Hy wat laat sien en verstaan in die manier van bou van die altaar en die deurgroting van die hartsgesindheid dat die Oos-Jordaniërs se saak reg is. In die Nuwe Verbond toets die Heilige Gees jou alleen aan sy Woord. Deur Hom word die klag gehandhaaf of word daar van die klag onthef.

Treffend is die reaksie van die afvaardiging: die verweer van die Oos-Jordaniërs was goed in hulle oë. Die priester verklaar: Vandag weet ons dat die HERE in ons midde is. Só red God sy kinders by die kruispaaie van hierdie lewe op grond van die enigste waarheid.

Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)